

Skriflesing: Spreuke 5 ; Hooglied 8; 1 Korintiërs 6:12-20

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 41**

Teks: **Spreuke 5:3-5; Hooglied 8:6; 1 Korintiërs 6:18-19**

Sing- Ps. 98:1,3; Ps. 18:1,13; Ps. 130:3

Spreuke 5

Pro 5:1 My seun, luister na my wysheid, neig jou oor tot my insig,

Pro 5:2 dat jy volle oorleg kan behou en jou lippe kennis kan bewaar;

Pro 5:3 want die lippe van die vreemde vrou drup heuningstroop, en haar verhemelte is gladder as olie,

Pro 5:4 maar op die end is sy bitter soos wilde-als, soos 'n swaard aan weerskante skerp.

Pro 5:5 Haar voete daal na die dood toe af, haar treë streef na die doderyk toe.

Pro 5:6 Dat sy die pad na die lewe nie sou inslaan nie, wankel haar gange sonder dat sy dit weet.

Pro 5:7 Luister dan nou na my, julle seuns, en wyk nie af van die woorde van my mond nie.

Pro 5:8 Hou jou weg ver van haar af, en kom nie naby die deur van haar huis nie,

Pro 5:9 sodat jy nie jou bloei aan ander gee en jou jare aan een wat onbarmhartig is nie;

Pro 5:10 sodat vreemdes hulle nie versadig met jou vermoë en jou moeitevolle arbeid in die huis van 'n uitlander kom nie

Pro 5:11 en jy uiteindelik moet steun as jou liggaam en jou vlees verteer is,

Pro 5:12 en moet sê: Hoe het ek die tug gehaat en my hart die kastyding versmaad,

Pro 5:13 en nie geluister na die stem van my onderwysers en geen gehoor gegee aan die wat my geleer het nie!

Pro 5:14 Amper was ek heeltemal in die ongeluk, in die vergadering en die gemeente.

Pro 5:15 Drink water uit jou eie reënbak en strome uit jou eie put.

Pro 5:16 Sal jou fontein buitentoe oorstroom, waterstrome op die pleine?

Pro 5:17 Hulle moet vir jou alleen wees en nie vir ander saam met jou nie.

Pro 5:18 Mag jou fontein geseënd wees, en verheug jou oor die vrou van jou jeug—

Pro 5:19 die lieflike wildsbokkie en aanvallige steenbokkie; laat haar boesem jou altyd vermaak, mag jy in haar liefde gedurigdeur bedwelmd wees.

Pro 5:20 Maar waarom sou jy, my seun, by 'n vreemde bedwelmd raak en die boesem van 'n ontugtige omhels?

Pro 5:21 Want elke mens se weë is voor die oë van die HERE, en Hy weeg al sy gange.

Pro 5:22 Sy eie ongeregthede vang hom, die goddelose, en in die vangstrikke van sy sonde word hy vasgehou.

Pro 5:23 Hy sal sterf deur gebrek aan tug, en deur die grootheid van sy dwaasheid sal hy dwaal.

Hooglied 8

Son 8:1 Ag, was u maar vir my soos 'n broer wat aan die borste van my moeder drink! As ek u daar buite vind, ek sou u kus; en tog sou hulle my nie verag nie.

Son 8:2 Ek sou u lei, ek sou u bring in die huis van my moeder; sy sou my leer; ek sou u laat drink van die gekruide wyn, van my granaatmos.

Son 8:3 Laat sy linkerarm onder my hoof wees en sy regterarm my omhels.

Son 8:4 Ek besweer julle, dogters van Jerusalem: Waarom wil julle wakker maak en waarom wil julle opwek die liefde voordat dit die liefde behaag?

Son 8:5 Wie is dit wat daar opkom uit die woestyn, wat leun op haar beminde? Onder die appelboom het ek u opgewek. Daar was u moeder in barensweë oor u, daar was sy in barensweë wat u voortbring het.

Son 8:6 Dra my soos 'n seëlring op u hart, soos 'n seëlring op u arm; want liefde is sterk soos die dood, die liefdes-ywer is hard soos die doderyk, sy gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam van die HERE.

Son 8:7 Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere dit nie oorstroom nie; al gee 'n man ook al die goed van sy huis vir die liefde, hulle sou hom diep verag.

Son 8:8 Ons het 'n klein sustertjie wat nog nie borste het nie; wat moet ons met ons suster maak dié dag as sy gevra word?

Son 8:9 As sy 'n muur is, sal ons 'n silwerrand daarop bou, en as sy 'n deur is, sal ons dit met 'n sederplank toeslaan.

Son 8:10 Ek is 'n muur, en my borste soos torings: toe het ek in sy oë geword soos een wat vrede vind.

Son 8:11 Salomo het 'n wingerd in Baäl-Hamon gehad; hy het die wingerd aan die oppassers oorgegee; elkeen moes vir sy vrugte duisend sikkels silwer inbring.

Son 8:12 My wingerd, myne, is hier voor my, die duisend sikkels is vir u, Salomo, en twee honderd vir die wat sy vrugte bewaak.

Son 8:13 U wat in die tuine woon vriende luister na u stem; laat my dit hoor.

Son 8:14 Vlug, my beminde, en maak soos die gemsbok of die jong takbok op die balsemberge.

1 Korintiërs 6:12-20

1Co 6:12 Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie.

1Co 6:13 Die voedsel is vir die maag, en die maag is vir die voedsel, maar God sal die een sowel as die ander tot niet maak. En die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here; en die Here vir die liggaam.

1Co 6:14 En God het ook die Here opgewek en sal ons opwek deur sy krag.

1Co 6:15 Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie? Sal ek dan die lede van Christus neem en dit lede van 'n hoer maak? Nee, stellig nie!

1Co 6:16 Of weet julle nie dat hy wat 'n hoer aanhang, met haar een liggaam is nie? Want die twee, sê Hy, sal een vlees wees.

1Co 6:17 Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom.

1Co 6:18 Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf sondig teen sy eie liggaam.

1Co 6:19 Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie?

1Co 6:20 Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.

Sondag 41

108 Vraag: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek (a), en daarom moet ons dit hartgrondig haat (b).

Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (c) sowel binne as buite die huwelik (d).

(a) Lev 18:28. (b) Jud 1:23. (c) 1 Tess 4:3-5. (d) Heb 13:4; 1 Kor 7:7.

109 Vraag: Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes nie?

Antwoord: Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons altwee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuisde daede, gebare, woorde (a), gedagtes, luste (b) en alles wat 'n mens daartoe kan verlei (c).

(a) Ef 5:3, 4; 1 Kor 6:18, 19. (b) Matt 5:27, 28. (c) Ef 5:18; 1 Kor 15:33.

Skriflesing: Spreuke 5 ; Hooglied 8; 1 Korintiërs 6:12-20

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 41**

Teks: **Spreuke 5:3-5; Hooglied 8:6; 1 Korintiërs 6:18-19**

Sing- Ps. 98:1,3; Ps. 18:1,13; Ps. 130:3

Geliefde gemeente- Wanneer ons in ons belydenis by die sewende gebod kom dan sal u onthou ons het so 2 Sondae gelede by Sondag 40 oor die dood gepraat. *Jy mag nie doodslaan nie.....* Vandag die sewende gebod – *Jy mag nie egbreek nie.....* Skielik is daar by mens die besef maar die seksuele het iets met die dood te maak. Die sesde gebod en die sewende gebod praat met mekaar. Hooglied, die boek in God se Woord wat oor huweliksliefde in sy volheid handel, ja dit wat oor seks handel, praat ook oor die dood. Hooglied 8:6 staan-.....*liefde is sterk soos die dood*. Kortom gestel – seks is sterk as ons dit direk mag vertaal. Sterk soos die dood. Dit klink aanvanklik nie na iets moois en lieflik wat hier van die liefde gesê word nie.

As ons mense die woord *liefde* hoor dan het ons die geneigdheid om gewoonlik dadelik heeltemal positief daarvoor te dink. Hier staan iets vreesliks, iets hard van die liefde. Vers 6 Hooglied 8- *Liefdes-ywer is hard, soos die doderyk, sy gloed is 'n gloed van vuur....* Die krag en die hardheid van die liefde kan 'n mens benoud maak. Liefde kan nie mee gespeel word nie– LIEFDE IS GEEN KINDERSPEL. Die sewende gebod is daarom ook geen kinderspel. Moet nie met die liefde wil speel nie, dit is so sterk soos die dood. Gelees in die lig van die sesde gebod dan kan ons sê - MET DIE LIEFDE KAN ONS DOODSLAAN. Die bruid van Hooglied 8 is benoud as sy oor die liefde begin dink. Haar gemoed is beklemd. Wat haar bang maak is die sterkheid, ja die hardheid van die liefde. Liefde kan na die dood, na die doderyk lei as die belydenis van Sondag 41 nie uitgeleef word nie. Die sewende gebod kan maak, wat ons juis in die sesde gebod nie mag maak nie – JY MAG NIE DOODSLAAN NIE. As ons wil egbreek pleeg, dan is daar van die dood sprake. Hooglied 8 het die verband met die dood gelê, Spreuke 5 is daarvoor net so duidelik. Verse 3-4, *Die lippe van 'n vreemde vrou drup heuning stroop en haar verhemelte is gladder as olie, maar op die end is sy bitter soos wilde-als, soos 'n swaard aan weerskante skerp*. Dan bring die egbreek, die vreemde vrou, 'n mens by die dood. Vers 5 – *Haar*

voete dwaal na die dood toe af, haar treë streef na die doderyk toe. Nie net die voetstappe, die treë van die vrou praat van die dood nie, maar haar hele huis. Daar waar die daad begaan is – Spreuke 7:27 *Haar huis is weë na die doderyk, wat afdaal na die kamers van die dood.....*

Vreeslike dinge wat hier oor die liefde gesê word. In Hooglied 8 word dit ook met 'n verterende vuur vergelyk. Wie met die liefde speel, direk vertaal, wie met seks speel, speel met vuur. Die gloed is 'n vlam van die Here. Dan is daar in Hooglied 8:9 die broers wat ook oor hulle jong sustertjie praat. Hulle sustertjie kan soos 'n muur wees, of soos 'n deur wees. As sy 'n muur is, m.a.w. sy staan vas, die sedelose jongmanne kan nie haar reinheid, kuisheid skend nie, dan sal haar broers haar eer. Hulle sal 'n silwer rand rondom haar bou. 'n Muur met 'n silwer rand daarom. Aan die ander kant as sy soos 'n deur is, onstandvastig, sedeloos, gedurig besig om oop- en toe te gaan, dan sal hulle haar met 'n sederplank toeslaan. Drastiese hamer en spykers, 'n sederplank, wat hulle sal gebruik om hulle sustertjie teen haar eie onvermoë tot kuisheid te beskerm. Liefde kan vreeslik wees. Liefde kan wonderlik wees.

Die verskil tussen vreeslik en wonderlik staan vir ons ook in die boek Hooglied. Die sentrale gedagte wat elke keer soos 'n refrein na ons kom is *om nie die liefde wakker te maak, of op te wek voordat dit die liefde behaag nie.* Dit staan in hoofstukke 2:7, 3:5, 5:8 en 8:4 wat ons so pas gelees het. Liefde moet nie aangevuur word voordat die tyd daarvoor nie ryp is nie. 'n Ware liefdeslewe kan nie deur mense ryp gedruk word nie. Liefde tussen man en vrou is geen toevalligheid nie, maar dit is juis vir die gelowige 'n gawe van God. God alleen is die Een wat die liefde kan wakker maak. Liefde wat deur mense gemaak word, het ons gelees dra die geur van die dood, dit is vreeslik, dit is 'n vuur wat verteer en alles vernietig.

Daarenteen staan die wonderlike liefde van God. Hooglied besing ook dan vir ons die skoonheid en egtheid van die liefde juis soos dit ontwikkel en vastigheid kry in die volkome huwelik tussen 'n gelowige man en vrou. Dwarsdeur die boek soos 'n goue draad staan daar dan ook – *Die man wat ek lief het, is myne en ek is syne.* In die huwelik wat 'n ware liefdeslewe omring is daar eenvoudig nie vir 'n derde mens plek nie. Die bruid in Hooglied 8 spreek dan ook die verlange

Pretoria- 18 Mei 2014

uit dat sy soos die man se enigste kosbaarste besitting gehanteer moet word – sy seëling. *Dra my soos 'n seëling op u hart, soos 'n seëling op u arm.....* 'n Man het sy seëling altyd by hom gedra. Dit is sy identiteitsbewys waarmee hy alle koopkontrakte kon beseël. 'n Man sou alles doen om nie sy seëling te verloor nie. 'n Bandjie om sy hals wat die seëling op sy hart hou, of aan sy vinger is vir sy vrou die wens dat hy haar ook altyd so by hom sal hou. Dit gee aan haar 'n gevoel van veiligheid, sy wil nie net by hom wees nie, maar sy wil ook dat hy haar dra, beskerm en vashou. Die huwelik is deur God ingestel om al hierdie elemente van 'n seëling te bevat, maar ook as iets wat gesluit is, 'n geslotenheid. Daar kan en mag net van een seëling sprake wees. Ander liefdes word hierdeur uitgesluit.

Ander mense, buiten die spesifieke man en sy een spesifieke vrou mag nie daarin nie. Die huwelikslewe kry so in God sy volle intieme geslote sin en betekenis. Pragtige beelde wat dwarsdeur Hooglied gebruik word om net die huwelik te beskryf. Die tuine, die bome, die berge, die wingerde, die diere, die voëls is alles beelde wat gebruik word. Die mooiheid van die huwelik staan onbetwyfelbaar vas.

Elke aspek, die geestelike aspek, maar ook die liggaamlike aspek van die huwelik word genoem en beskryf. God se Woord klink of dit graag daarvoor wil praat. Hoekom ons mense baie keer huiwer om oor die mooie uit die huwelik te praat is moeilik om te verstaan, maar die perverse, die lelike, die vuile, die vulgêre dit blyk of mense makliker daarvoor praat. Grappies word gemaak, maar waar is die beelde wat juis die mooie soveel beter kon beskryf?

Sondag 41 sluit aan by die sewende gebod dat liefde nie vrylik losgelaat moet word nie. Daarmee nie gespeel moet word nie. Die krag van liefde nie onderskat moet word nie – so sterk soos die dood. Liefde moet nie op die verkeerde tyd wakker gemaak word nie. Dit noem ons belydenis onkuisheid. **God het alle onkuisheid vervloek...**

Kuisheid hou verband met die woord reinheid. Titus 2:5 en 1 Petrus 3:2 word die vroue dan ook opgeroep om hulle mans en kinders lief te hê en rein te wees. Deur 'n reine lewenswandel kan

iemand sonder woorde vir God se Woord gewen word. Aan die ander kant as daar onkuisheid, onreinheid is dan word God se Woord belaster. God se vloek is daarop gestempel. Iets van hierdie vreeslike vloek staan in Levitikus 18 dat God deur 'n land 'n onkuis mens uitspoeg. So 'n mens beland in die vreeslikste ellende. Ellende he beteken om uitlandig, uit jou land uit te wees. Onkuisheid kan 'n mens jou land laat verloor, uitgespoeg, jou land spoeg jou uit. Onkuisheid wat betrekking het op allerhande tipes van ongeoorloofde seksuele verhoudings. As Israel hulle op seksuele gebied deur hulle seksuele lewe verontreinig, soos die heidene dit gedoen het, sal die land hulle uitspuug, soos dit die heidene voor hulle uitgespuug het.

'n Verskriklike gedagte dat die mensdom deur sy seksuele lewe homself so besoedel, dat die grond dit nie eers meer kan vat nie, maar dat die aarde daarvan begin walg en die mense uitspuug. Nog verskrikliker is die gedagte wat dalk by ons aan die gang is. 'n Mensdom wat van morele waardes en moraliteit nie meer wil weet nie, is besig om sy land te verloor. Is ons land nie dalk besig om 'n sedelose Afrikanervolk uit te spoeg nie? Ons verloor nie die land nie, maar andersom, die land wil ons verloor, die land wil deur God se vloek die sedeloosheid nie meer dra nie! Ons word uitgespoeg. Voordat die volk Israel die beloofde land sou intrek dan is daar in Levitikus 27 'n vloek parade opgestel oor die ongeoorloofde seksuele verhoudings. Sulke mense mag nie die land in nie. Daar rus 'n vloek op hulle.

Ons moet onkuisheid haat. Dit is soos 'n sonde bevelkte kled – Judas: 23.....*die kled moet julle haat wat deur sonde bevelk is*. Soos 'n sieke wat op sy siekbed lê en daar is soveel vuilheid wat uit hom kom dat sy slaapklere en sy beddegoed besmet is. Iemand wat die persoon verpleeg moet uiters versigtig wees, want die vuilheid van die siekte kan aansteek. Die betekenis in die vers is duidelik. Onsedelikheid is soos 'n aansteeklike besmetlike siekte. 'n Mens moet dit soos die pes vermy. Aan die ander kant skep 'n mens ook weer moed as daar ander saam met jou is wat in hierdie tyd van permissiwiteit en seks malheid 'n heilige toorn, 'n heilige vyandskap, 'n heilige haat teen onsedelikheid het. 'n Haat wat uit die hart uit moet kom, dit moet nie net lippetaal wees nie.

Pretoria- 18 Mei 2014

Die haat teen onkuisheid moet dan ook op 'n positiewe wyse deur 'n rein en ingetoë lewe binne sowel as buite die huwelik tot openbaring kom. 1 Thessalonicense 4:3-5 maak dit duidelik – *Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery; dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer, nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie.....*Die skrywer van Hebreërs laat God se Woord net so duidelik daaroor uit – Hebreërs 13:4 *Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel.....* Alles sluit aan by wat die Here al in die tyd van Maleagi sy kinders laat verstaan het – *Ek haat egskeiding, sê die Here* (Mal.2:16). As die Here sê Hy haat , dan moet ons ook mos haat dit wat so dikwels tot egskeiding aanleiding gee.

Die laaste vraag in die deel van ons belydenis bring na vore of God dan nou net egbreuk en sulke skandes haat, of is daar meer hierby ter sprake. En die antwoord van ons belydenis is saamgevat in 1 Korintiërs 6. 'n Gedeelte wat 'n mens elke keer opnuut die verskriklike ingrype van die sonde van owerspel laat besef. Ander sondes buite die liggaam, hierdie sonde die enigste binne die liggaam. Die liggaam is tempel van God, tempel van die Heilige Gees. Ons hoor dat die mens tempel van God is. Die mens is na die beeld van God geskape, nou ook die mens is tempel van God. Beeld van God, tempel van God wat die huwelik bymekaarbring, sodat elke nuwe mens wat gebore word 'n beeld en tempel van God moet wees. Die sonde van hoerery breek God se beeld af, die woonplek van die Heilige Gees, die tempel van God, word van binne bevuil. Liggaam en siel is tempel van God en as die liggaam sondig, dan sondig die siel. Al twee moet rein en heilig bewaar word.

Efesiërs 5 moet ons met 1 Korintiërs 6 saamlees. As Christus na liggaam en siel uit die dood opgewek word, dan is ons as sy gemeente vlees van sy vlees, been van sy gebeente wat in Hom opgewek word. Die Heilige Gees stel ons in Christus en Christus in ons. Die Heilige Gees verteenwoordig Christus. Hy lei ons, Hy het selfs in ons lewens woning gemaak. Efesiërs 5:32 staan –*Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente.....*Die kerk, die gemeente, u en ek, moet tempel van die Heilige Gees wees en as ons

Pretoria- 18 Mei 2014

liggame nie tempel is nie, hoe kan die kerk wat uit ons as mense bestaan dan tempel van die Heilige Gees wees?

Korinte het hierdie groot werk, hierdie verborgenheid van God as kerk, die kerk as liggaam van Christus mis gekyk. Korinte het gehoereer soos seker op geen ander plek daardie stadium in die wêreld nie. Daar was twee hawens. Een hawe in 'n stad is al genoeg om die onsedelikheid te beskryf, nou moet u weet, Korinte met sy twee hawens het die hoerery ook van twee kante beleef. Dan was daar ook nog daardie klomp tempel prostitute. Die tempel van Afrodite, wat die godin van die onsedelikheid was, het in 'n stadium meer as duisend prostitute voltyds besig gehou. Hulle het die prostitute deel van die godsdiens in Korinte gemaak. Die gemeente in Korinte was deel daarvan ! Paulus sê dit was erger as wat selfs onder die heidene bekend was, naamlik dat 'n man met die vrou van sy vader saamlewe (1 Kor. 5:1). Hierdie smerige spul kan nou die Woord van God hoor. *Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam, maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam.* Hoerery wys dat die sterkheid en die hardheid van liefde moord kan pleeg. Ons het in die begin uit Hooglied die gevaarlike liefde genoem wat so sterk is soos die dood, nou wil dit lyk of die sonde van hoerery selfs die Heilige Gees wil probeer doodmaak. Met die dood moet ons mense nie speel nie, so min moet ons mense met hoerery speel.

Ons belydenis praat van alle onkuise en ligsinnige gebare sowel met die oë, die hande, die hele liggaam, wat tempel van die Heilige Gees moet wees. Die wortel van die sonde moet gehaat word soos die sonde self. Hierby ingesluit is alle sedelose, onkuise woorde, voorstelle, gesprekke, grappies, liedjies en geskrifte. Hierby ingesluit die pornografie wat al hoe meer word. Laat ons tog nie die waarskuwing vergeet dat ons grond dit later nie meer sal wil vat nie en ons in ons land uitgespoeg word soos wat God se vloek in werking tree.

Wees met die Gees vervul, dan is daar ook 'n Geesvervulde verhouding tussen man en vrou. Hierdie verhouding noem God 'n groot verborgenheid, wat op Christus en sy gemeente betrekking het. Christus se eerste wonderwerk in sy koninkryk was op 'n huwelik, daar waar

Pretoria- 18 Mei 2014

man en vrou kan begin, mag u in Christus nou nog u huwelik as deel van God se koninkryk sien, met sy ryke afbeelding en inhoud.

AMEN